

Maandag

Jes. 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17 Teks: Lukas1:32: Tema: "Christus skakel ons in 'n nuwe kragnetwerk in wat werk deur die Heilige Gees." Die vreugde en blydschap van Kersfees en Kerstyd is die aankondiging dat die God 'n nuwe kragnetwerk laat begin werk om lig te gee in duisternis. Dit is soos die begin van 'n nuwe kragstelsel wat opgerig word op 'n plaas wat met sonpanele werk en nou met sonkrag elektrisiteit gaan voorsien in die plek van die landswye kragnetwerk van Evkom wat nie werk nie. Lig in duisternis! Lig in duisternis omdat ons iemand gekry het wat vir ons 'n sonkrag stelsel oprig sodat ons nie meer in die donkerte moet leef nie van hulle wat veronderstel is om lig te skep, maar die kragstelsel so verniel en misbruik dat hulle wat lig moet gee, duisternis bring. Kersfees is die vreugde en blydschap dat die magsgreep van hulle wat lig moes gee, maar donkerte skep se mag gebreek is deur iemand wat nou vir mense gratis sonpaneelkrag gee. Christus se geboorte is die begin van 'n nuwe kragnetwerk wat lig gee vir hulle wat in die duisternis sit van donkerte. Dit is die aankondiging in Jesaja 9! Dit gaan oor die koms van die heerskappy van die Seun van Dawid; die heerskappy van vrede en voorspoed, nie omdat dit die wense en begeertes van mense vervul nie, maar omdat dit die reg en geregtigheid van die wet van God weer gaan laat werk. Hoe kan dit die feestelikheid van Kersfees wees? Antwoord: dis 'n heerskappy! 'n Heerser wat reg en geregtigheid weer laat werk. 'n Heerser wat gehoorsaamheid aan God se wet skep! 'n Heerser wat mense diensbaar maak volgens die eise van die wet van God! Hoe kan gehoorsaamheid en diensbaarheid wat weer reg en geregtigheid is, die kersgeskenke van Kersfees wees? Want dit gaan oor die verbreking van anargie: die heerskappy van wetteloosheid! Die verbreking van die magsgreep van hulle wat lig moes gee maar donkerte skep. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Jes. 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17 Teks: Lukas1:32: Tema: "Christus skakel ons in 'n nuwe kragnetwerk in wat werk deur die Heilige Gees." Volgens Jesaja is anargisme die duisternis waarin die Here se kerk leef. Anargisme is nie anargie deur die massa, die gepeupel nie, maar anargie deur die owerheid. 'n Politikus het vir een van my vriende 'n ruk gelede probeer gerusstel dat hulle nie plase sal laat beset deur die geweld en wetteloosheid van oproeriges nie. Hulle sal die plase by die boere volgens die wet en orde van die land vat! Dit is anargisme! Die owerheid sal steel en plunder binne die wet en orde van die land. Wettige onreg en ordelike ongeregtigheid! Dit is die donker land waarin die kerk van die Here in Jesaja se tyd regtig leef. Die gemeenskapsleiers is die wetteloses, die owerheid maak onreg wettig en ongeregtigheid die orde sodat wanorde die nuwe gemeenskapsorde is. Dit is hierdie duisternis wat ons as gelowiges in hierdie land só verdruk:

- * om te moet leef in wanorde as die gewone orde van die land,
- * om wetteloses as regeerders te moet respekteer;
- * om die owerheid te moet aanvaar as die instelling wat steel, roof en plunder, omdat hulle dit met wet en orde doen, om te aanvaar wetteloses word beskerm en gehoorsames word as staatsvyande verklaar. Daarvan het die donkerte wat Evkom oor ons bring vir ons al simbolies geword – ons is 'n land in donkerte, nie omdat daar nie genoeg kennis, bronne of bestuur is om elektrisiteit te wek nie, maar omdat hulle wat die krag moet voorsien, die rowers en plunders is. Die greep van goddeloses op gelowiges is wettige onreg en ordelike ongeregtigheid in die gemeenskap. Dit is die magsgreep van elke goddelose mens op ander mense: wettige onreg en ordelike

ongeregtigheid binne die wet van die land. Binne hierdie duisternis word Christus gebore om reg en geregtigheid weer te laat werk as die wet en orde van die kerk. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Jes. 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17 Teks: Lukas1:32: Tema: "Christus skakel ons in 'n nuwe kragnetwerk in wat werk deur die Heilige Gees." Vir wie pla hierdie duisternis, wettige onreg en ordelike ongeregtigheid? Dit pla die kerk van die Here! Hulle is die mense vir wie hierdie wettige onreg en ordelike ongeregtigheid grief. Want gelowiges wil leef in die wysheid van reg en geregtigheid volgens die wet van God en wil nie eiewys sondes wettig nie. Gelowiges soek na die diensbaarheid van reg en geregtigheid as die samehorigheid van die gemeenskap. Hulle wil hê dat die vrede van die reg en geregtigheid van God se wil die vrede in hul huwelik, gesin familie en werkskring sal wees. Hulle streef daarna dat die orde van reg en geregtigheid die gemeenskapsorde is. Dit is hulle vir wie anargisme duisternis is. Vir hulle is die Kersaankondiging: "Vir ons is 'n Seun gebore. Aan ons is 'n Seun gegee. Hy sal heers! En Hy sal genoem word: wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors." (Jes.9:5) Hierdie aankondiging mag nooit geskei word van die reg en geregtigheid van God se wet nie. Die wêreld (ongelowige) soek altyd leiers wat hulle drifte sal regverdig as wettig en die orde van die land maak. Hiêrdie HEERSER sal egter sy onderdane vervul met hierdie Gees om die reg en geregtigheid van God se wet in hulle lewe te laat werk. As RAADSMAN sal Hy ons met sy Gees vervul om te soek na die raad hoe om in sy wil te leef. As MAGTIGE GOD sal Hy ons gehoorsaam maak aan sy wet - dit terwyl die wêreld probeer om sy wet te vermy. As EWIGE VADER sal Hy ons in sy liefde en volgens sy liefde na die reg en geregtigheid van sy wil laat vra, terwyl almal hul sondes as reg en geregtigheid wil regverdig. As VREDEVORS sal Hy sorg dat ons die reg en geregtigheid van sy wil as die orde van ons lewe wil HÊ - terwyl die wêreld die wanorde van hul drifte die orde wil maak. LIG is die Koning wat reg en geregtigheid op 'n nuwe manier weer laat werk in die duisternis! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Jes. 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17 Teks: Lukas1:32: Tema: "Christus skakel ons in 'n nuwe kragnetwerk in wat werk deur die Heilige Gees." Christus laat reg en geregtigheid op 'n totaal nuwe wyse vir sy kerk en kinders werk. Hoe? Deur die Heilige Gees wat ons laat deel in die reg en geregtigheid van Jesus Christus en op hiêrdie wyse op 'n nuwe manier tot reg en geregtigheid verbind. God is reg deur ons in te sluit in die lyding en heerlikheid van Christus! (Rom. 8: 17) God is reg deur ons só met Christus te verenig dat Hý (Christus) ons onreg is en ons sy reg is, want in hierdie vereniging is die Deler (Christus) so goed soos die steler(ons) en die steler, ons, erf alles. God is reg om so te regeer!

Hy is reg om

- * Christus ons straf te gee en ons Christus se beloning te gee,
- * om Christus ons veroordeling te gee en ons die heerlikheid van Christus te gee,
- * om Christus ons vervloeking te gee en ons sy seën te gee.

God is reg om op hierdie nuwe wyse reg en geregtigheid te laat geskied vir sy kerk en kinders! God laat geregtigheid nou só werk dat Hy my vir sy liefde regverdig maak en my gebroke liefde vir God regverdig maak deur ons in te sluit en te laat deel in die geregtigheid van Christus. Dit is hoe God ons nou deur die Heilige Gees

innerlik verbind tot die regte liefde op die nuwe wyse in en deur ons eenheid met Christus. Binne die dreigende duisternis van die wêreld, die ongelowiges, word die vreugde van Kersfees aangekondig. Ons het 'n nuwe kragstelsel gekry wat ons verlig in die duisternis! Die wet van God is die krag van goddeloses om duisternis te skep, wettige onreg en ordelike ongeregtheid. Maar Christus bring 'n nuwe kragstelsel – sonkragpaneel wat werk terwyl Evkom duisternis skep! En die vreugde van Kersfees is dat die Here jou gratis en verniet laat deel in hierdie nuwe sonpaneelkragstelsel – reg en geregtigheid wat werk deur Jesus Christus en nie deur die wet van God en owerhede nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus

Vrydag

Jes. 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17 Teks: Lukas1:32: Tema: "Christus skakel ons in 'n nuwe kragnetwerk in wat werk deur die Heilige Gees." Christus laat reg en geregtigheid in ons lewe werk deur sy Gees deur my reg en regverdig te maak! Reg en geregtigheid wat werk! So is Christus vir ons 'n Wonderbare Raadsman. Hy dra my straf en ek kry sy beloning, en daarom hoor ek in sy wet die RAAD hoe ek in die wonder van sy skepping kan leef, omdat ek weet ek is vir hom reg en regverdig in Christus. Ek hoor sy wet as RAAD terwyl goddeloses sy raad hoor as verontregting vir hulle wettige onreg en ordelike ongeregtheid! Christus maak my reg en regverdig deur my in Homself as mens in te sluit en só is Hy vir my Magtige God wat mens in my plek is. Daarom hoor ek sy MAGTIGHEID as die wyse en wonder waarop Hy as God in my plek as sondaar instaan sodat ek sy regverdige kind is. Ek hoor nooit sy wet as die onderdrukking van my wettige onreg en ordelike ongeregtheid soos goddeloses dit hoor nie. Christus maak my reg en regverdig sodat sy Vader my EWIGE VADER is. Daarom hoor ek in hierdie geborgenheid die liefde van God as my Vader in sy wet en hoe ek met al my tekortkominge en moedswillighede Hom steeds mag liefhê. Ek wil nie soos goddeloses sy wet verdraai om my sondige drifte as wettige liefde en ordelike liefde uit te leef nie. Christus laat my in die VREDE met Hom as God leef dat Hy my vir Hom reg en regverdig maak. Daarom vind ek vrede in die orde van sy wet! Ek hoor nooit meer sy wet met die opstand en onrus dat ek God wil dwing om vrede te maak met my wettige onreg en ordelike ongeregtheid nie. Dit is reg en geregtigheid wat werk! Ons as kerk in nie ingeskakel op die kraglyne en kragnetwerk van God se wet deur owerheid nie. Ons geloof in Jesus Christus is die sonpaneel wat ons uit die direkte liefde, goedheid en genade van God as ons SON (Lig) laat leef – reg en reg regverdig in 'n duister land. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus